Nuusbrief vir 23 Januarie 2020

Hoërskool Swartland

NUUS

Uit die skoolhoof se kantoor

23 Januarie 2020

Ons is tans (Donderdag en Vrydag) besig met ons Interkleure atletiekbyeenkoms. Baie dankie aan 'n ieder en elk wat 'n aandeel het aan die organisering hiervan. Baie dankie personeel, grondpersoneel, ouers, ondersteuners en alle gewillige hande wat dit vir ons kinders moontlik maak. U word raakgesien en waardeer!

Interkleure atletiek program

23 Januarie 2020

Sien die Interkleure atletiek program onder Bronne / "Resources" op hierdie Communicator program.

Frank Mouton verdere prestasie

23 Januarie 2020

Ons het verneem dat Frank Mouton, ons 2019 matriek topkandidaat, boonop onder die Top 20 kandidate vir Engels Huistaal in die provinsie geëindig het. Voorwaar 'n uitsonderlike prestasie! Baie geluk, Frank!

Tennis vaar goed

23 Januarie 2020

Ons tennisspelers het op 22 Januarie teen Curro gespeel. Ons seuns het 15-3 gewen, en die dogters het gelykop gespeel. Wel gedaan, julle!

Selma presteer in atletiek

23 Januarie 2020

Selma du Preez (O/17) het op 22 Januarie aan die Puma atletiekbyeenkoms in die Paarl deelgeneem en in die 1500m-item 'n derde plek behaal. Baie geluk, Selma!

Grosvenor verslag - A Bester (1)

23 Januarie 2020

Op 7 Desember 2019 het 24 seuns van verskillende skole saam met 6 instrukteurs aan die 43ste Grosvenor kursus deelgeneem. Elkeen met 'n streng gepakte stapsak op die rug - opgewonde, versigtig en beslis angstig oor wat die week sou inhou. Kospakkies het bestaan uit 'n appel, ui, aartappel, worsbroodjie en 330ml appelsap. "Where we go one, we go all" - die leuse van een van die uitdagendste avonture waaraan 'n hoërskoolseun homself kan blootstel. Sewe dae van honger en uitputting waar jy oorgelewer is aan die natuur.
Hierdie oorlewingstaptog is 'n kursus wat lewens verander, wat jou uit jou gemaksone ruk, jou grense verskuif en jou leer om te oorleef in die natuur.

Grosvenor verslag - A Bester (2)

23 Januarie 2020

Met net die nodige klere aan ons lywe en geen tente, kussings of slaapsakke, sal ons binne 7 dae die 90km vanaf Wildernis tot Hartenbos te voet moet aflê.
Ons moes hoofsaaklik kos en water uit die natuur kry. As mens honger is, lyk selfs 'n skerpioen soos 'n heerlike maaltyd. Daar word naarstigtelik na enigiets te ete gesoek - paddas, mossels, riete, seekat, vis en skerpioen. Jou uithouvermoë en karakter word tot die uiterste getoets. Manne wat swaarkry word deur spanmaats gehelp. Ander kere word jyself weer gehelp. Almal is trots en dankbaar as Hartenbos bereik word en hulle gulsig kan weglê aan die kos wat voorgesit word. Dit was 'n ongelooflike ervaring. Dit wat ek van myself, die natuur en ons Skepper geleer het is kosbaar. Oorlewingstegnieke en herinneringe sal my vir altyd bybly.

Grosvenor verslag - A Bester (3)

23 Januarie 2020

Die staptog in geheel was glad nie maklik nie, maar beslis die moeite werd. Die HSS-span was: Albert Bester, Joshua Minnaar, Juan Lourens, Bertus Brits, Franko von Wielligh en William Fox.
Wel gedaan, seuns!

Krieket uitslae

23 Januarie 2020

HSS O/15A vs Wesbank: HSS wen met 30 lopies. Wel gedaan!
HSS O/19A vs New Orleans: NO kolf eerste en behaal 243 vir 8 in 50 beurte. Wiaan van Reenen neem 3 paaltjies. HSS behaal 195 vir 4 in 50 beurte. André Pienaar behaal 90 lopies met goeie ondersteuning van Ian Nel en AW Steyn.

Beplanningskalender 2020

23 Januarie 2020

Kwartale vir 2020:
Eerste kwartaal: 15 Januarie - 20 Maart
Tweede kwartaal: 31 Maart - 12 Junie
Derde kwartaal: 7 Julie - 18 September
Vierde kwartaal: 29 September - 2 Desember

Skoolfonds vir 2020

23 Januarie 2020

Die volgende skoolfonds en resolusies is bevestig en goedgekeur:
Skoolfonds van R17 900 per jaar per leerder. Dit word eenmalig vooruit gehef en is vooruitbetaalbaar.
U kan op drie maniere betaal:
R17 000 voor 28 Februarie 2020, OF R4 475 binne die eerste 14 dae van elke kwartaal, OF R1 790 per maand oor 10 maande met die laaste paaiement vóór 30 November 2020.
Alle nié-betalers tot en met die 31 Maart 2020-rekonsiliasie word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Alle rekeninge wat vir 60 dae en langer dormant en onbetaald is, word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Let wel- spesiale betaalreëlings mag slegs deur beheerliggaam (skriftelik) goedgekeur word.

Koshuislosies vir 2020

23 Januarie 2020

Die volgende koshuislosies en resolusies is vir 2020 bevestig en goedgekeur:
Losies: R30 100 per jaar per kind - vooruitbetaalbaar op drie maniere:
Eenmalig vir die jaar voor die einde van die eerste kwartaal, naamlik 31 Maart 2020; OF
R7 525 per kwartaal binne die eerste twee weke van elke kwartaal; OF
R3 010 per maand oor 10 maande, voor die 25ste van elke maand, met die laaste betaling vóór 30 November 2020.
Oorhandiging aan prokureurs van 'n kwartaal agterstallige rekening en uitsetting van sodanige kosganger uit die koshuis vanaf die daaropvolgende kwartaal. Die ouer bly aanspreeklik vir agterstallige losies, al is die leerder in so 'n geval uit die koshuis uit.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

23 Januarie 2020

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

School Communicator Mobile App

23 Januarie 2020

Besoek hierdie skakel op u selfoon en laai die skool se Communicator af. Blackberry, iPhone en Android toestelle.
http://school-communicator.com/download.php

Indien u liewer verkies om elke Vrydag 'n harde kopie van die nuusbrief op papier te ontvang, kan u kind hierdie nuusbrief elke Vrydag by mev De Klerk se kantoor gaan afhaal. Slegs 'n beperkte aantal harde kopieë word gemaak.

Welkom by die Hoërskool Swartland Kommunikeerder

17 Januarie 2020

Hierdie Kommunikeerder is 'n gebruikersvriendelike program wat inligting aktief in die rigting van die ouers stoot.
http://www.swartlandhs.co.za/Algemene_nuus/School%20Communcator%20Launch%20Eng_Afr.pdf

KALENDER vir 23 Januarie 2020 - 30 Januarie 2020

23rd Januarie 2020
Interkleure atletiek

24th Januarie 2020
Uitnaweek

25th Januarie 2020
Krieket O/19A weg
Vs Dirkie Uys

25th Januarie 2020
Krieket O/15A tuis
vs Dirkie Uys

25th Januarie 2020
Toutrek te Helderberg

27th Januarie 2020
Gr 8 baadjieseremonie 19:00

27th Januarie 2020
Gholf vs Dirkie Uys (weg)
Moorreesburg

28th Januarie 2020
Subkom. Fondse en oudstudente vergader 18:00

29th Januarie 2020
Netbal ouervergadering

29th Januarie 2020
Tennis 1ste,2de S en D vs Dirkie Uys tuis

29th Januarie 2020
Dissiplinêre komitee vergader 18:00

29th Januarie 2020
Krieket O/19A weg
vs Lutzville T20 kompetisie

30th Januarie 2020
Gr 12 oueraand

30th Januarie 2020
Swem Aflosgala Girls High

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

Kleure-atletiek program

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e296f8774bce990305825.pdf

Januarie 17 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e215beddf8be732335478.pdf

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.